
SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za




You have Downloaded, yet Another Great Resource to assist you with your Studies ☺

Thank You for Supporting SA Exam Papers

Your Leading Past Year Exam Paper Resource Portal

Visit us @ www.saexampapers.co.za

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2023

PUNTE: 150

TYD: 3 uur

GESKIEDENIS V1

10791A

X10

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye.
'n Addendum van 14 bladsye is binne die vraestel ingesluit.



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

   **AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

   VRAAG 1: DIE KOUE OORLOG: DIE OORSPRONG VAN DIE KOUE OORLOG

   VRAAG 2: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – ANGOLA

   VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE AMERIKAANSE BURGERREGTEBEWEGING

   **AFDELING B: OPSTELVRAE**

   VRAAG 4: DIE UITBREIDING VAN DIE KOUE OORLOG: GEVALLESTUDIE – VIËTNAM

   VRAAG 5: ONAFHANKLIKE AFRIKA: GEVALLESTUDIE – DIE KONGO

   VRAAG 6: BURGERLIKE VERSET VANAF DIE 1950's TOT DIE 1970's: DIE SWARTMAGBEWEGING

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Ten minste EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die DERDE vraag kan óf 'n brongebaseerde vraag óf 'n opstelvraag wees.

5. Jy word aangeraai om EEN uur per vraag te bestee.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig gebruik.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

9. Skryf netjies en leesbaar.

SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

### VRAAG 1: HOE HET BERLYN IN 1948 'N FOKUSPUNT VAN KOUE OORLOG-SPANNING TUSSEN DIE SOWJETUNIE (USSR) EN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA (VSA) GEWORD?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Identifiseer in die bron DRIE lande wat die Europese Advieskommissie ('European Advisory Commission') gevorm het. (3 x 1) (3)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, is daar in Februarie 1945 by Jalta besluit om ook 'n sone vir Frankryk in Duitsland te skep? (1 x 1) (1)

1.1.3 Verduidelik waarom jy dink die besettingslande moes seker maak 'dat die Duitsers nie in staat sou wees om weer 'n militêre mag op te bou nie'. (1 x 2) (2)

1.1.4 Lewer kommentaar op die implikasies daarvan om die stad Berlyn in die Sowjet-sone te hê, in die konteks van Koue Oorlog-spanning in 1948 tussen die USSR en die VSA. (2 x 2) (4)

1.2 Lees Bron 1B.

1.2.1 Definieer die term *blokkade* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.2.2 Verduidelik waarom jy dink die VSA die Berlynse Blokkade as 'n 'duidelike oortreding van bestaande ooreenkomste oor die administrasie van Berlyn' beskou het. (2 x 2) (4)

1.2.3 Haal DRIE redes uit die bron aan waarom die VSA vasberade was om as 'n mag in Berlyn aan te bly. (3 x 1) (3)

1.2.4 Noem EEN spesifieke verpligting, volgens die bron, waarop die VSA aangedring het met betrekking tot die fisiese welstand van die bevolking van sy sektor in Berlyn. (1 x 1) (1)

1.2.5 Lewer kommentaar op waarom die VSA klem gelê het op sy bereidwilligheid om enige meningsverskille met die USSR deur onderhandelinge te skik. (2 x 2) (4)



SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



1.3 Gebruik Bron 1C.

1.3.1 Gee TWEE redes, volgens die bron, waarom die Sowjetunie die bekendstelling van 'n spesiale geldeenheid wat slegs in die westelike deel van Berlyn gebruik sou word, teengestaan het. (2 x 1) (2)

1.3.2 Verduidelik die konsep *monetêre hervorming* in die konteks van die Berlyn-sones in 1948. (1 x 2) (2)

1.3.3 Waarom, volgens die bron, het die Sowjet-bevelvoerders, geglo dat die gevaar van die ontwrigting van ekonomiese aktiwiteite van die Sowjet-sone en Berlyn, nie uitgeskakel was nie? (1 x 2) (2)

1.3.4 Lewer kommentaar op die beperkings van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat navorsing oor die verdeling van Berlyn doen. (2 x 2) (4)

1.4 Raadpleeg Bron 1B en 1C. Lewer kommentaar op hoe Bron 1B van Bron 1C verskil met betrekking tot redes wat die VSA en USSR aangevoer het om in 1948 as besettingsmagte in Berlyn aan te bly. (2 x 2) (4)

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Verduidelik die simboliese voorstelling van die drie leiers wat langs mekaar sit in die konteks van die Koue Oorlog. (1 x 2) (2)

1.5.2 Waarom wou Rusland (Stalin) finale seggenskap oor die administrasie van Berlyn gehad het? (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) om te verduidelik hoe Berlyn in 1948 'n fokuspunt van Koue Oorlog-spanning tussen die Sowjetunie (USSR) en die Verenigde State van Amerika (VSA) geword het. (8)
**[50]**


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



**VRAAG 2:. WATTER FAKTORE HET TOT DIE BETROKKENHEID VAN DIE DRIE NASIONALISTIESE BEWEGINGS (MPLA, FNLA EN UNITA) BY DIE ANGOLESE BURGEROORLOG IN 1975 GELEI?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D en beantwoord die vrae wat volg.

2.1 Gebruik Bron 2A.

2.1.1 Definieer die term *rewolusie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.2 Identifiseer in die bron die DRIE nasionalistiese bewegings wat die beheer van Angola na onafhanklikheid betwis het. (3 x 1) (3)

2.1.3 Noem TWEE kommunistiese lande in die bron waarmee Neto noue bande gevorm het. (2 x 1) (2)

2.1.4 Wat dui die teregstelling van Nito Alves se volgelinge aan oor Neto se leierskap? (1 x 2) (2)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Waarom, dink jy, is hierdie foto in Desember 1975 geneem? (2 x 2) (4)

2.2.2 Lewer kommentaar op die implikasie van die titel van die foto, 'Angola se Wreedaardige Geskiedenis, en die Rol van die MPLA daarin' ('Angola's Brutal History and the MPLA's Role in it'). (1 x 2) (2)

2.3 Gebruik Bron 2C.

2.3.1 Waarom, volgens die bron, het die oorgang vanaf Portugese bewind in Angola in 'n ramp verander? (1 x 2) (2)

2.3.2 Verduidelik die term *burgeroorlog* in die konteks van die magstryd oor Angola. (1 x 2) (2)

2.3.3 Lewer kommentaar op die betekenis van die stelling: 'Albei was egter vasberade, vir redes van hulle eie prestige (aansien) ...', in die konteks van hulle betrokkenheid by die Angolese Burgeroorlog. (2 x 2) (4)

2.3.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die Angolese Burgeroorlog bestudeer. (2 x 2) (4)


SA EXAM PAPERS

SA EXAM PAPERS | This past paper was downloaded from saexampapers.co.za



2.4 Bestudeer Bron 2D.

2.4.1 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat die MPLA tot nasionalisme en sosialisme geneig was. (1 x 2) (2)

2.4.2 Verduidelik wat jy dink met die volgende in die konteks van die Angolese Burgeroorlog geïmpliseer word: 'Konflik was op etniese gronde gebaseer'. (1 x 2) (2)

2.4.3 Waarom, volgens die bron, het die Amerikaanse Intelligensiediens (CIA) die FNLA ondersteun? (1 x 1) (1)

2.4.4 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en lewer kommentaar op waarom jy dink Suid-Afrika besluit het om UNITA te ondersteun. (2 x 2) (4)

2.4.5 Haal TWEE bewyse uit die bron aan wat te kenne gee dat die MPLA nie die lewens van die Angolese mense verbeter het nie. (2 x 1) (2)

2.5 Verwys na Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2C die inligting in Bron 2D ondersteun met betrekking tot die benadering wat deur die drie nasionalistiese bewegings gevolg is. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) en verduidelik die faktore wat tot die betrokkenheid van die drie nasionalistiese bewegings (MPLA, FNLA en UNITA) by die Angolese Burgeroorlog in 1975 gelei het. (8)

**[50]**



SA EXAM PAPERS